PAUL ROOS DAD TEAM CHALLENGE 1

Tema: Finaliseer Span Pa's en "Rite of Passage"

Mikpunte

- Identifiseer 'n groep pa's met wie jy die reis van vaderskap kan deel
- Kry duidelikheid oor die verskillende verwagtinge wat die pa's in die groep het
- Bespreek en beplan wat julle as groep sal wil bereik
- Beplan en voer 'n "rite of passage" uit vir jou seun aangesien hy nou sy hoërskooljare ingaan

Span van Pa's

Om pa's wat vaders van jou seun se vriende is te identifiseer is natuurlik ideaal en dit sal ook prakties sinvol wees indien julle in dieselfde area bly. Hoe presies julle hierdie groep saamstel hang egter van julle af. Die punt is dat ons nie so baie verander deur "events" (soos die kamp) as wat ons verander deur proses (soos die reis saam met mede-pa's) nie. Die idee van 'n span van pa's is nie om jou besige skedule verder te oorlaai nie, maar om 'n ondersteuningsisteem in plek te stel om te verseker dat die belangrikste dinge wel gedoen word!

Grootte van groep: Drie tot agt pa's

Hoe gereeld om te ontmoet: 'n Minimum van twee keer per jaar…meer gereeld word aanbeveel!

Wanneer om die seuns te betrek: Dit hang van julle af wanneer julle hulle wil betrek, maar ten minste een gesamentlike aktiwiteit per jaar.

Uitklaring van verwagtings: Dit is belangrik dat spanlede dieselfde uitkoms in gedagte het. Kry konsensus oor HOEKOM julle as 'n span saam is. Bepaal wat die behoeftes van die groep is. Hierdie mag dalk wissel van die gesamentlike vestiging van man-wees beginsels in die seuns tot om eenvoudig hulp te kry om grense in die huis te stel.

Om aan die gang te kom: Vind 'n twee-uur tydgleuf waar julle as span pa's kan ontmoet en bespreek wat julle geleer het uit die naweek se kamp of wat julle in die boek gelees het en beplan julle ondersteuning aan mekaar in die lig van die implementering van hierdie lesse. Hierdie is wel moontlik ten spyte van almal se besige skedules! Bespreek ook die konsep van 'n "rite of passage" by hierdie vergadering.

"Rite of passage"

Cassie het die naweek die "rite of passage" verduidelik. Raadpleeg asb. die relevante skyfie op sy aanbieding. Robert Lewis gee ook praktiese voorstelle hieroor in *Raising a Modern Day Knight*. Julle kan ook die volgende skakel op die webblad van *Focus on the Family* besoek vir wenke oor die uitvoer van 'n "rite of passage".
http://www.focusonthefamily.com/parenting/building_relationships/rites-of-passage-for-your-son

Die mikpunt van 'n "rite of passage" is om jou seun te bevestig en hom in sy nuwe fase in te stuur met die regte waardes en karakter (en jou ondersteuning!). Besluit vooraf wat die hoof waardes en karaktereienskappe is wat jy in hom sien. Bevestig en moedig dit aan! Jy kan ook PRG se Erekode raadpleeg as jy sou wou. Lees ook Matthew 3:16-17 vir verdere agtergrond.